

Dinsdag 2 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 5:1-11

Fokusgedeelte: Handeling 5:3, 4; HK Sondag 20, Vraag 53

Die Heilige Gees as God

Dieselfde God wat sy Seun as Middelaar en Verlosser aan ons gegee het, gee ook sy Heilige Gees aan sy kinders. So kom God self en woon in die midde van sy kerk en in die harte van sy kinders. Watter uitnemende gawe het God nie in sy Gees aan sy kerk gegee nie! Die Heilige Gees is immers nie maar net 'n heilige, goddelike krag soos die Jehovah-getuies beweer nie. Vol-gens die Skrif is Hy 'n Persoon, 'n Voorspraak, die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid en daarom self God. Die Heilige Skrif leer immers dat die Heilige Gees 'n *wil* (Hand. 13:2) en 'n *bedoeling* (Rom. 8:27) het, dat Hy *ondersoek* (Rom. 8:27), dat hy *bid* (Rom. 8:27), dat Hy *bedroef gemaak* kan word (Ef. 4:30), dat Hy *gelaster* (Matt. 12:31) en *beledig* (Heb. 10:29) kan word en dat teen Hom *gesondig* kan word (Matt. 12:31; 1 Joh. 5:16). In Rom 8:26, 27 skryf Paulus van die Heilige Gees die volgende: “*Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie. En God self, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.*” Kan so iets van 'n blote krag gesê word? Kan 'n krag bid? Kan 'n krag 'n eie bedoeling hê? Kan 'n krag 'n Voorspraak genoem word? Dit is tog onmoontlik. Dit kan alleen van 'n werklike persoon gesê word. Daarom bely ons op grond van die Skrif dat die Heilige Gees nie maar net 'n krag is nie, maar 'n Persoon, en wel die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid. Dat die Heilige Gees self ook waarlik God is, is nie iets wat kerkmense uitgedink het nie. Die Skrif self leer dit baie duidelik. As Ananias volgens Handeling 5 gesondig het, sê Petrus aan hom dat hy vir die Heilige Gees gelieg het en daarom nie vir mense gelieg het nie, maar vir God (Hand. 5:3, 4). Hier verklaar die Skrif self dat die Heilige Gees waarlik God is.

Nou kan ons sien hoe wonderlik die gawe is wat God in sy Gees aan ons geskenk het. Dit is vir ons eintlik onbegryplik. Om te dink dat die Heilige Gees, wat self God is, Hom tog *laat gee* en *laat stuur* en laat *uitstort*, ja, dat Hy in ons wil kom woon! As die koms van Christus na die aarde beteken: Im-manuel – *God by ons*, dan beteken die uitstorting van die Heilige Gees: *God in ons*.